

Die Storie van Ragab

‘n Vrou met ‘n verlede

1. Inleiding

Dink aan ‘n beeld van ‘n ware vrou van God – “A Biblical Woman.” Watter gedagte kom by jou op?

As jy die teenoorgestelde moet beskryf - waaraan dink jy?

In die storie van Ragab sien ons ‘n pragtige beeld van God se genade. God besluit om die saad van geloof in die hart van ‘n vrou, wat ‘n mislukking, ‘n uitgeworpene en ‘n verstoteling was, te plaas.

Partykeer, kies God die een mens wie ons eerste sou afskryf - dié een wie ons sou dink die minste geskik vir die werk is. Ons sien dit gereeld in die Skrif. Voorbeelde sluit in: Dawid, Gideon, Paulus en nog meer!

As mense jou afskiet, is dit een ding, maar baie keer skiet ons onself af en dink ons ons is nie goed genoeg om deur God gebruik te word nie. Mag hierdie studie van Ragab vir jou nuwe hoop gee! Geen mens, sonde of omstandigheid is buite die bereik van God se genade, vergifnis en restourasie nie!

2. Delf in die Woord

Ons skrifverwysing is *Josua 2:1-18*

3. Agtergrond

Israel kom na 400 jaar van slawerny uit Egipte uit. God kom, deur Moses, en bevry hulle. Hy neem hulle deur die Rooi See. weens hulle ongeloof, spandeer hulle ‘n verdere 40 jaar in die woestyn. God wil hulle na die beloofde land neem en hulle is uiteindelik reg om in te gaan!

Hulle moet nou deur die Jordaanrivier kom. Josua stuur twee verkenners uit om die land deur te kyk.

4. Geestelike waarhede

a. Ragab reageer op die saad van Waarheid wat God in haar hart plant!

Josua 2:1 *“Josua seun van Nun het van Sittim af in die geheim twee verkenners uitgestuur en vir hulle gesê: “Gaan kyk die land deur, veral Jerigo.” Hulle is toe weg en het uitgekom by die huis van 'n prostituut met die naam Ragab en daar tuis gegaan.”*

Die eerste persoon met wie die verkenners kennis maak, is die vrou, Ragab.

Die Kanaäniete was 'n bese en gewelddadige, heidennasie. Hulle het vir alles gestaan wat voor God afgryslik was. Die Kanaäniete, van wie Ragab een was, het alles liefgehad wat God gehaat het, en het alles gehaat waarvoor God lief was.

Deut 18:12 *“Die Here het 'n afsku van elkeen wat hierdie soort ding doen. Trouens, dit is juis oor die afskuwelike praktyke van die Kanaäniete dat die Here jou God hulle in jou belang gaan verdryf.”*

Hierdie teks is 'n belofte aan Abraham en sy nageslag, gemaak honderde jare voor Josua.

In Levitikus 18 lees ons waarvoor die Amoriete veroordeel is: bloedskanie, egbreek, bestialiteit en die offer van kinders aan heidengode. Hierdie is die tipe dinge waarmee die Amoriete en Kanaäniete besig was. Ragab was deel van hierdie kultuur – die vrug van hierdie kultuur.

As ons na Ragab kyk, besef ons dat sy nie noodwendig van beter geweet nie. Sy het nie God se geskrewe Woord geken nie. Sy het nog nooit 'n preek gehoor nie. Sy het nie kerk bygewoon nie. Sy het geen ander gelowiges geken nie. Sy het grootgeword in absolute geestelike duisternis.

Wat was haar morele agtergrond? Ons lees van haar kulturele en geestelike agtergrond, maar wat was haar persoonlike morele waardes? Wel, sy was 'n prostituut!

As jy God was, en besig was om 'n nasie wat goddeloos geleef het, regverdiglik te oordeel, hoekom iemand soos Ragab en haar familie spaar? Dit is presies hoe God se hart vir verlore mense klop. Juis daarom, op 'n hoogs onverwagse plek, kan die storie van Ragab as volg beskryf word:

'n Storie van hoop, 'n storie van genade, 'n storie van barmhartigheid, 'n storie van verlossing, 'n storie van hoe God met Sy onmeetbare, wonderbaarlike

liefde, 'n onwaarskynlike mens op 'n onwaarskynlike plek, in die proses van veroordeling, genade betoon.

God gee vir hierdie vrou en haar familie geloof en genade en red hulle van verwoesting. Die goeie nuus is verder dat God steeds vandag dieselfde hart vir jou en vir my het – dieselfde hart vir sondaars het en dieselfde God is wat sê: “Ek maak aanspraak op en verlos die sondaars en verstotenes. Ek maak iets mooi van hulle lewens.”

Dit staan so mooi geskryf in *Jesaja 61:3*:

“die dag waarop Hy vir die in Sion wat treur, eer gee in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydschap in plaas van hartseer. Hulle sal genoem word: Bome van Redding.”

Terug na die oorspronklike teks: Hoekom kom die verkenners by 'n prostituut uit? Daar is baie redenasies daaroor, maar op die ou end is dit Goddelike Voorsienigheid (“*providence*”) wat hulle daar laat beland het, by hierdie spesifieke huis en hierdie spesifieke vrou.

God het 'n doel met hierdie vrou se lewe gehad. God was doelgerig met Ragab en haar familie se verlossing. Ragab se antwoord op God se uitnodiging was inderdaad “Ja, Here!”

b. Ragab se geloof maak haar vasberade en dapper om teen die kultuur op te tree

Josua 2:2-4 *“Die koning van Jerigo het berig gekry dat daar in die nag van die Israeliete af mense aangekom het om die land te verken, en hy het vir Ragab laat weet: “Lewer die manne uit wat na jou toe, na jou huis toe, gekom het. Hulle is hier om die land te verken.” Die vrou het die twee manne weggesteek en vir die koning laat weet: “Daar het manne by my aangekom, maar ek weet nie waarvandaan hulle is nie.”*

Wat het Ragab gemotiveer om so braaf te wees? Dit was haar geloof in God. Hiervoor was sy bereid om haar lewe te gee.

En wat van die leuen wat sy vertel het? Wel, die Skrif eer haar beslis nie daarvoor nie. Die skrif eer haar vir haar geloof.

Josua 2:7-11 *“Die koning se manne het na die twee verkenners gaan soek op die pad na die Jordaan toe, in die driewe se rigting. Nadat die agtervolgers weg is agter die verkenners aan, is die stadspoort gesluit. Voor die verkenners aan die slaap geraak het, is die vrou na hulle toe op die dak en het sy vir hulle gesê: “Ek weet die Here gee vir julle die land; ons is skrikbevange vir julle, al die inwoners van die land bewe van vrees vir julle. Ons het gehoor hoe die Here die water van die Rietsee voor julle laat wegdroog het met julle trek uit Egipte, en ook wat julle met die twee konings van die Amoriëte oorkant die Jordaan, met Sihon en Og, gedoen het, hoe julle hulle voor die voet uitgeroei het. Ons het dit gehoor en ons harte het van angs verstyf. Niemand het nog moed teen julle nie, want julle God, die Here, is God, bo in die hemel en onder op die aarde. “*

Hier is Ragab se eerste verklaring van geloof. Die oorsprong was ‘n saad van geloof, ‘n saad van sondebelydenis, ‘n saad van genade wat God in haar hart geplant het. Dit het wortel geskiet en was reeds besig om vrug te dra. Sy verklaar dat die gode waarmee sy grootgeword het, nie gode was nie en dat Yeshua die enigste ware God is.

Ragab het die krag van Jerigo geken. Sy het geweet dat dit ‘n magtige stad was, maar sy verklaar dat God oor Jerigo sou triomfeer. Hoe ironies. Veertig jaar vantevore was Kaleb en Josua die enigste Israeliete wat dit geglo het – die ander het getwyfel. Nou word die woorde, “Die Here gee vir julle die land,” deur ‘n heidenvrou gesê.

Sy sê vir hulle: “Ons het gehoor.” Waar kom geloof vandaan? Geloof kom wanneer die Woord van God en wat Hy gedoen het, gehoor word (Rom 10:17). Die Rooi See het 40 jaar vroeër plaasgevind. Dit is merkwaardig hoe hierdie geloof toe al posgevat het – 40 jaar vantevore, en sy herken die verkenners onmiddellik toe hulle kom. Iets in haar gees moes maak dat sy hulle herken het.

Sy het haar geloof in God geplaas. Die res van Jerigo is vernietig, maar sy word gered. Sy word gered van verderf, omdat sy glo.

Hierdie sê vir my dat God op plekke werk wat vir ons onbegryplik is. God is aan die werk in die mees korrupte opset. Hy is besig om geloof in harte, wat Hy uitkies, te plaas. Dit is onverklaarbaar hoe Hy dit doen, maar dit word gedoen – op die hoogste vlak van ‘n korrupte regering, of in die hart van ‘n Moslem ekstremis.

Ragab het geglo dat God Jerigo sou vernietig en dat die land aan die Israeliete gegee sou word. Omdat sy die bietjie wat sy geweet het, geglo het, het God vir haar twee verkenners gestuur om meer lig en waarheid aan haar te openbaar. Niemand sal weggewys word nie, behalwe as hulle die lig en waarheid wat God hulle gee, verwerp. Die hele stad Jerigo het ook die waarheid gehad, maar net Ragab het geglo. Hulle het die waarheid verwerp. Omdat Ragab die waarheid geglo het, het God vir haar meer lig gegee.

Dit is hartseer om te dink dat die res van Jerigo vernietig is, maar daar gebeur altyd iets as die bo-natuurlike hand van God aan die werk is. Mense is óf bang, óf hulle glo, maar niemand bly dieselfde nie. Dit is waarom herlewering in die kerk so 'n groot impak het. Ons moet aanhou om die Here daarvoor te vra.

c. Ragab tree vir haar familie in

Josua 2:12 *“Ek het julle goed behandel. Lê dan nou vir my 'n eed voor die Here af dat julle my familie ook goed sal behandel, en gee my 'n betroubare aanduiding dat julle my pa en ma, my broers en susters en almal wat by hulle hoort, se lewens sal spaar en ons so van die dood sal red.”*

Ons lees in die teks dat Ragab die verkenners goed behandel het, wat nog 'n bewys van geloof is, omdat die uitwerking van geloof altyd tot voordeel van ons medemens lei.

Verder, sal dit ons familie ook beïnvloed. Ons lees dat Ragab vir die lewens van haar familie smee – hoe mooi is dit nie! God eer haar gebed en red haar hele familie van verwoesting. Mag dit vir ons hoop gee om te bly intree vir ons geliefdes!

'n Bewys van ware geloof is dat God vir ons 'n dringendheid vir ander gee, die begeerte dat ander ook gered moet word.

Wanneer ons die voordele van God se genade en barmhartigheid gesmaak het en Sy liefdevolle goedheid en verbondsliefde ervaar, wil ons graag hê dat ander wat onder God se veroordeling staan, ook die voordele van verlossing moet ken.

Die woord is duidelik dat ons redding alleen in Jesus vind, en God se hart is dat Jesus vir elke mens 'n werklikheid sal word. Die volgende skifgedeeltes wys daarop:

Gal 6:12 – *“die kruis van Jesus alleen kan red.”*

1Tim2:3-4 – “So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.”

Omdat daar geen ander manier is om by God uit te kom nie, is hierdie dringendheid en smeking (soos Ragab vir haar familie gesmeek het) ‘n bewys dat ons ware kinders van God is.

d. Ragab het ‘n groot beskouing van God

Josua 2:16 Haar woorde aan hulle was: “Gaan die berge in sodat die mense wat na julle soek, julle nie raakloop nie. Kruip drie dae daar weg tot hulle die soektog staak. Daarna kan julle julle koers gaan.”

Soos ons reeds bespreek het, het God vir Ragab dapperheid gegee. Ragab was bereid om vrou-alleen, op te staan, omdat sy geglo het *hulle* (die verkenners) se God, is dié God. Sy het nie geweet hoe die storie sou eindig nie. Dit was absoluut ‘n geloofstap gewees.

Haar dapperheid is gewortel in haar beskouing van God. Hoor jy hoe groot en almagtig sy God geag het?

Ons beskouing van God bepaal alles. Dit bepaal byvoorbeeld:

- 1) Of jy jou stryd teen sonde gaan deursien;
- 2) Of jy bereid sal wees om vir God te staan, nie net teen versoeking nie - selfs al is daar risiko's.
- 3) Of jy God gaan vertrou.

Die Woord herinner ons gereeld daaraan dat Ragab ‘n hoer was. Of dit nou op jou van toepassing is of nie, ons almal is in sonde gebore en verdien God se oordeel. So as God ‘n vrou soos Ragab kan red van verderf, kan Hy dit in my en jou lewens ook doen.

Hierdie vrou het ‘n donker verlede gehad maar sy het geglo in die toekoms wat God vir haar in oë gehad het. Sy het haar hele lewe aan Hom toevertrou. Die uitkoms was beeldskoon!

e. Ragab se geloof gaan oor in gehoorsaamheid en aksie

Josua 2:17-18 “Die manne het vir haar gesê: “Die eed wat jy ons laat aflê het, sal ons net bind as jy, wanneer ons die stad aanval, hierdie bloedrooi tou vasbind aan die

venster waardeur jy ons laat afsak, en jou pa en ma, jou broers en jou hele familie by jou in die huis bymekaarhou. “

‘n Rooi tou laat my aan Ragab dink. Dit het die oordeel van dood verby Ragab en haar familie laat gaan omdat sy die bloedrooi tou aan haar venster vasgebind het. Dit was die teken van verlossing. Dit was die teken van die bloed van Jesus wat red. Dit herinner ook aan veertig jaar vantevore, toe die Israeliete bevry is uit slawerny, waarin hulle vir 400 jaar vasgevang was. Die bloed moes op die deurkossyne gevef word sodat die oordeel van dood verby sou gaan.

Daar word ‘n hele stad vernietig, maar hierdie huis, in hierdie deel van die stadsmuur, bly staan. Amen! Dankie Jesus vir U verlossingskrag! As God dit vir Ragab kon doen, ‘n vrou met ‘n verlede, kan Hy dit vir jou en vir my en vir ‘n verlore wêreld ook doen.

Hierdie daad wat haar gered het, moes in gehoorsaamheid gebeur. Dit is die bewys dat sy geglo het. Sy moes die rooi tou aan haar venster vasbind. Sy moes seker maak dat haar hele familie by haar in die huis is. Toe moes sy wag. Daar was die drie stappe van gehoorsaamheid wat sy moes neem.

Kan ‘n bloedrooi tou jou red? Nee, maar ‘n bloedrooi tou, gehang in geloof en in gehoorsaamheid, kan jou red.

f. Ragab se geloof en gehoorsaamheid het ‘n blywende, ryk uitwerking

Mat 1:1-5 *“Die voorouers van Jesus, die Messiaskoning: Hier volg die familieregister van Jesus Christus. Hy was die Seun van Dawid, en uit die nageslag van Abraham. 2Abraham was die pa van Isak, Isak die pa van Jakob, Jakob die pa van Juda en sy broers. 3Juda was die pa van Peres en Serag by Tamar. Peres was die pa van Gesron, Gesron die pa van Ram, 4Ram die pa van Amminadab, Amminadab die pa van Nagson, Nagson die pa van Salmon. 5Salmon was die pa van Boas **by Ragab**, Boas die pa van Obed by Rut, Obed die pa van Isai, 6Isai die pa van koning Dawid.”*

As Ragab nie geglo het dat sy waardig genoeg vir ‘n tweede kans was nie, sou sy nooit deel van Jesus se voorgeslag gewees het nie. As sy toegelaat het dat haar skaamte en verlede haar oorheers, het sy haar roeping gemis. Sy het waarlik die

vrymakende krag van God ten volle omhels, en dit het groot seën vir haar en vir haar nageslag beteken.

Ragab se geloof en gehoorsaamheid het nie net haar eie lewe beïnvloed en verryk nie, maar ook die lewens van ander. Dit is ook so vir my en vir jou.

5. Onderzoek jouself

- Het jy al op die saad van waarheid wat God in jou hart plaas, gereageer?
- Glo jy werklik dat God enige mens kan verlos, vergewe, vry kan maak en nuut kan maak? Glo jy werklik dat geen sonde te groot vir God is om te vergewe nie?
- Gaan jou geloof oor in dapper dade van gehoorsaamheid? Hoe moedig Hy jou aan om in gehoorsaamheid en geloof, op te tree? Dit kan iets klein wees, maar dit kan ook jou lewenskoers verander.
- Tree jy vir jou familie in? Het jy 'n hart vir verlore mense?
- Hou jou verlede jou terug om die volheid van God te beleef, en die volheid van Sy toekomsplan vir jou?

6. Besin saam

- Bespreek as groep die onderwerp van tweede kanse. Gun ons as die kerk vir mense tweede kanse? Glo ons werklik dat mense kan verander? Vergewe ons ander mense soos God ons vergewe?
- Lees Jak 2:25 saam en bespreek as groep die implikasie van geloof wat oorgaan in dade.
- Lees Heb 11:31 saam en bespreek nog geloofshelde van ons tyd.

7. Delf dieper

Ragab se huis was tussen die twee stadsmure gebou. In 1907 is daar fisiese bewyse hiervan gevind. Argeoloë het opgrawings gedoen en die storie in die Bybel, is as waar bewys.

<https://answersingenesis.org/archaeology/the-walls-of-jericho/>

Hierdie studie word verwerk uit bronne beskikbaar deur *Revive Our Hearts*:

<https://www.reviveourhearts.com/season/rahab-and-the-thread-of-redemption-cd/>

Verwerk en geskryf deur Jackie Arndt, jarndt@reviveourhearts.co.za